

## P2849WPW



VRM: 128  
Dae tot 50% blom: 60 tot 66  
Fisiologies ryp: 131 tot 141

- Nuwe Wit PowerCore™-kultivar beskikbaar vir droëlandtoestande.
- Lang groeiseisoen.
- Aangepas by hoë- en lae-potensiaal toestande.
- Meerkoppig en produktiewe spruite.
- Presteer op grondtipes met 'n klei-inhoud 18% en hoër, 0.91 tot 1.5 m rye.
- Plantdatum: November tot 20 Desember.
- Beste plantpopulasie: 25 000 - 32 000 p/ha hoë potensiaal, en 23 000 - 28 000 p/ha by lae-potensiaal toestande.

### BELANGRIKE AGRONOMIESE EIENSKAPPE

- |                           |             |
|---------------------------|-------------|
| ● Staansvermoë            | ● Goed      |
| ● Opbrengspotensiaal      | ● Gemiddeld |
| ● Meerkoppigheid          | ● Swak      |
| ● Kopplasing              |             |
| ● Droogteverdraagsaamheid |             |
| ● Afdroging               |             |
| ● Produktiewe spruite     |             |
| ±12 Aantal rye            |             |

### SIEKTEVERDRAAGSAAMHEID

- |                            |             |
|----------------------------|-------------|
| * Bruinroes                | ● Hoog      |
| ● Grysblaarvlek            | ● Gemiddeld |
| ● Noordelike blaarskroei   | ● Laag      |
| * Stam- en wortelvrot      |             |
| * Kop- en pluimbrand       |             |
| * <i>Fusarium</i> -kopvrot |             |
| ● Diplodia-kopvrot         |             |
| ● Gibberella-kopvrot       |             |


### OPBRENGS

Die swart lyn in die figuur hieronder verteenwoordig P2849WPW gelykgestel aan nul in terme van kg/ha verskil relatief tot ander kultivars.

Hierdie is meerjarige data van die eerste PowerCore™-produk in die Westelike produksiegebied. Dit is veral in die ietwat hoër klei-inhoudgronde in konsep 5, waar P2849WPW uitstekend presteer. P2849WPW klop beide P2927WYR en P2865WBR met 588 kg/ha (35 lok) en 1 268 kg/ha (35 lok) onderskeidelik.


As PowerCore™-toevoeging tot Pioneer-kultivars, is P2849WPW met onderskeiding die beter keuse. DKC 75-65BR, die topverkoper geneties van Bayer, is 408 kg/ha oor 35 vergelykings slegter daaraan toe. DKC 76-77BR verloor met 160 kg/ha oor 35 vergelykings. P2849WPW presteer gevolglik beter as die gevestigde opposisiekultivars wat oorwegend gekoop word. Dit dui op goeie genetiese vordering wat saam met stalmaats P2927WYR, P2885WBR en die P2565-platform, 'n gedugte produkreeks vorm.


# AGRONOMIE NAVORSINGSINLICHTING



Relatief tot PAN 5R-891BR (35 lok) is P2849WPW met 785 kg/ha beter daaraan toe.

In die lig van sterk saailinggroeikrag (vinnig uit die wind) en uitmuntende opbrengsprestasie, behoort P2849WPR deel van die mieliepakket op elke plaas te wees, veral op gronde wat 'n klei-inhoud van 18% en hoër het.






Kompetisie	% Oorwinnings	Oorhoofs	Watertafel	Droë Weste
P2865WBR (RC= 5)	9 (35)	-1268 (35)	-1042 (19)	-1538 (16)
P2927WYR (RC= 4)	26 (35)	-588 (35)	-447 (19)	-757 (16)
P2885BR	44 (27)	-37 (27)	-350 (14)	300 (13)
P2851WR	45 (22)	-159 (22)	-33 (9)	-246 (13)
P2863WR	35 (26)	-147 (26)	86 (14)	-417 (12)
PAN 5R-591R	17 (35)	-691 (35)	-458 (19)	-969 (16)
PAN 5R-891BR	14 (35)	-785 (35)	-552 (19)	-1063 (16)
X28D309WPW	23 (22)	-404 (22)	-342 (14)	-513 (8)
DKC 75-65BR	31 (35)	-408 (35)	-247 (19)	-600 (16)
DKC 76-77BR	43 (35)	-160 (35)	27 (19)	-381 (16)

Die tabel hierbo toon die uitstekende prestasie van P2849WPW teen die meeste opposisiiekultivars en huidige ouer Pioneer-genetika. Indien die blokkie groen is, beteken dit dat P2849WPW die betrokke kultivar met die hoeveelheid kg/ha wen. Prestasie word op grond van konsep en oor die totale Weste aangetoon. Die aantal lokaliteite wat gemeet is, word in hakies aangedui.

Dit is dus duidelik dat P2849WPW 'n kultivar soos DKC 75-65BR met 247 kg/ha (14 lokaliteite) op die watertafelgronde klop, en dieselfde in die droë Weste met 600 kg/ha (16 lokaliteite). Merkwaaardige stabiliteit word gemeet. In die totale Weste toon die meerjarige data dat DKC 75-65BR slegs 31% van die 35 vergelykings teen P2849WPW wen.

Kopvorming by P2849WPW is baie gelykvormig met 'n indeks van 2.08 koppe per plant. Die tweede kop dra baie by tot die uitnemende opbrengspotensiaal van die kultivar. Saailinggroekrag is aanvaarbaar en lei tot vinnige en eenvormige opkoms. Kopplasing is 'n sterk punt (54%) van die planthoogte. Dit dui op 'n kultivar met sterk staanvermoë en wat maklik stroopbaar is. Indien spruite voorkom, is nagenoeg 39% daarvan produktief. Dit is 'n verdere bewys van P2849WPW se inherente genetiese dryf om graan te produseer wat die winsgrens positief beïnvloed.

# AGRONOMIE NAVORSINGSINLICHTING



Vrugbaarheids-indeks	2.08
Saailing-groeikragtigheid	A (6)
Staanvermoë	A
Plantlengte meter	2.42
Kophoogte meter	1.31
KP-verhouding %	54
Produktiewe spruite (%)	39

The foregoing is provided for informational use only. Please contact your Pioneer sales professional for information and suggestions specific to your operation. 2022 data are based on average of all comparisons made over numerous locations through 2022. Multi-year and multi-location data are a better predictor of future performance. Do not use these or any other data from a limited number of trials as a significant factor in product selection. Product responses are variable and subject to a variety of environmental, disease, and pest pressures. Individual results may vary.